Saterdag **4 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 45 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 45:7, 8, 11, 12 (AFR2020)**

**Christus is ons Bruidegom en ons is sy bruid**

Psalm 45 is ’n huwelikslied. Reeds voor die geboorte van Jesus was dit egter al vir Joodse Skrifgeleerdes duidelik dat die lied oor meer as ’n aardse koning gaan. Inderwaarheid word die skoonheid, mag en krag van die Messias besing. In Hebreërs 1:8-9 haal die Hebreërskrywer ook uit Psalm 45:7-8 aan wanneer die heerlike glorie van Jesus besing word. Hy is die Koning, sterk van mag, wat geregtigheid liefhet en goddeloosheid haat. Psalm 45 beskryf dus op versluierde wyse die heerlikheid van die Here wat in die ganse Nuwe Testament geopenbaar word.

Die psalm gaan egter nie net oor die koning nie. Dit gaan oor die koning as bruidegom. Hy ontvang ’n bruid. Wie is dan die bruid?

Uit die Nuwe Testament weet ons dat die bruid van die Here die kerk is. Jesus het die kerk vir homself gekoop deur sy bloed vir haar aan die kruis te stort. Die kerk bestaan uit al die gelowiges uit alle volke, nasies en tale. Selfs hieroor getuig Psalm 45, want die bruid word beskryf as geklee met goud uit Ofir (vs 10) en sy is ’n dogter uit Tirus (vs 13).

Psalm 45 beskryf die opgewonde afwagting vir wanneer die bruid na die bruidegom kom. Sy is reeds heerlik geklee deur haar bruidegom. Sy gee haar nou ten volle aan Hom oor. Daar wag ’n salige toekoms op haar en haar kinders.

Jesus is ons Bruidegom wat vertrek het om vir ons plek gereed te maak. Nou reeds word ons deur die Heilige Gees geklee met fyn, helder blink klere. Die fyn klere is die regverdige dade omdat ons nuut gemaak is (vgl. Op. 19:8).

Berei jy opgewonde voor vir die bruilof van die Lam, omdat jy weet dat jy daarin deel?

*Sing: Psalm 45-1:1, 2, 9, 10*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*